

25 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Samuel 3

Fokusgedeelte: 1 Samuel 3:1-4 (OAV)

Die lamp brand nog

Die Here roep Samuel teen dagbreek – die lamp het nog gebrand. In hierdie woorde sit daar simboliese betekenis. Alhoewel dit nag was in Israel – geestelike nag, het die lamp tog nog gebrand. Net voor dagbreek roep God Samuel op vir diens. Samuel lui 'n tydperk in waarin die Woord van die Here weer sy regmatige plek in die lewe van die volk inneem.

Kyk ons na die wêreld van vandag, moet ons erken dat die lamp van God se Woord swakker brand. Dele van die Bybel word bevraagteken. Die menslike denke verdring die geloof. Die skepping, Jesus se maagdelike geboorte, opstanding uit die dood, hemelvaart en die verlossingswerk van Christus word verwerp. Elke Jan Rap en sy maat hou sy lyf teoloog en maak uitsprake oor die onjuistheid van God se Woord. Die Jesus-seminaar het reeds 'n groot bydrae gelewer om die getuienis van die Bybel oor Jesus as vals te verwerp. Intussen is die godsdienste van die Moslems en die Sataniste besig om skrikwekkend te groei – juis ook as gevolg van sogenaamde Christene wat sê dat die Christelike godsdienste nie die enigste ware godsdienste is nie.

Goddank dat die lamp van God ook in ons tyd nog nie heeltemal doodgegaan het nie. Daar is nog Christene en Christen-teoloë wat die Bybel as die onfeilbare Woord van God aanvaar. Hulle is mense wat vas staan by wat Jesus gesê het, naamlik: “Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” En: “Wie die Seun het, het die lewe.” Hou hieraan vas!

Sing: Psalm 119:39 Ds PA Smit (Emeritus)